God se gesig verander my

Genesis 33

Inleiding

Ons het verlede week gesels oor hoe dit soms ‘n worsteling en gestoei is om die lewe te oorleef.

Dat ons na allerhande dinge gryp, of ons aan verskillende situasies vergryp om ‘n paar druppels vrede of geluk of geld daaruit te kry... als om die lewe te oorleef.

Want soos hulle sê: Die lewe is nou maar eenmaal nie ‘n piekniek nie. En as jy ‘n ‘gap’ kan vat... moet jy hom vat.

Maar ons het gesien in die lewe van Jakob dat hy homself hierdeur in ‘n hoek geverf het.
Sy gestoei vir seëninge het hom tussen ‘n klip en ‘n harde plek laat beland.

- Van die *scheme* met die pot lensiesop vir Esau se eersgeboortereg,
- tot sy ‘boerdery tegnieke’ met sy skoonpa Laban se kleinvee.

Uiteindelik was al sy brûe gebrand. Terwyl hy weghardloop vir Laban hoor hy Esau is op pad met 400 man. Hy was vasgekeer in ‘n hoek.

En daar... gestroop van homself en op sy einde. Kom stoei God óók nog met hom.

Maar dit was eintlik ‘n genade... want juis tóé was hy eers gereed om vir die eerste keer in sy lewe op die regte plek te vra vir seën.
En toe in daardie ‘rock bottom’ plek van bankrotskap... seën God vir Jakob met ‘n nuwe naam: Israel.
Die naam Israel het gegaan oor ‘n hele nuwe identiteit en doel vir sy lewe.

Jakob besef na die tyd wat gebeur het - in sy woorde: *“ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie.” Gen 32:30.*
God het my op my slegste gesien... en my nie vernietig nie.

Dis wat ons dan verledeweek ontdek het: Terwyl ek en jy meestal eerder net daarvan vlug om in hoeke vasgekeer te word, is dit juis die plekke waar God vir ons baie werklik kan word.

- As ek met die dagvaardiging vir ‘n egskeiding op die stoel neersak
- Ek afgelê word by die werk
- My beste vriende my verraai
- ‘n Kind wat die spoor verloor het
- Hulle my betrap waar ek afgeskryf het in die eksamen

Ek lees nou die dag die woorde van iemand wat per ongeluk sy eie seuntjie doodgery het in hulle inrypad: *“Ek voel asof ek die punt in my lewe bereik het waar ek absoluut niks oor het nie. En dis nou eers asof Jesus vir die eerste keer in my lewe werklik geword het.”*

Oomblikke waar ek my magtelose bankrotskap moet *face* met leë hande.

Dis dikwels juis eers op my einde wat ek werklik God se genade kan smaak en dit my begin verander.

In daardie koue oggend net voor sonop langs die Jabbok rivier het sy ontmoeting met God verander hoe Jakob oor als dink: Oor wat hy gedink het hy nodig het, wie God werklik is, en daarna hoe hy oor homself gedink het.

Nou, nie almal se 'bankrot oomblikke' lyk dieselfde nie! Party s'n lyk dalk na niks in vergelyking met die groot goed wat ek nou genoem het nie... maar dit bring jou op 'n ewe eerlike plek oor jouself voor God. Om sy gesig te sien terwyl jy op jou slegste is... en dít bring verandering.

Dis oor hierdie verandering wat in ons gebeur as ons God se gesig sien, wat ons vandag verder wil praat.
Verandering wat ons soms nie verstaan nie en om saam daaroor te gesels jou dalk makliker daardeur kan help.

Ons gaan kyk wat die volgende oggend gebeur het toe Jakob dan wel vir Esau ontmoet het. Wat het in Jakob verander.

[Lees teks: Genesis 33]

Ons gaan gesels oor veral 3 dinge wat in my verander as ek al bankrot voor God sy gesig gesien het.

- Ek benader konflik anders
- Ek benader my besittings ander
- Ek benader God en myself anders

Konflik

As ons vers 1 en 2 lees wil dit lyk asof Jakob weer presies met sy ou papbroek *schemes* besig is... om die vrouens en die kinders weer vooruit te stuur.
Maar vers 3 wys ons dadelik dat ons nie meer met dieselfde Jakob te doen het nie.
Hy stap self 'n ent voor die trein mense uit in die gevaarsone in.
En nie om die eerste hou in te kry nie. Maar om sy skuld uit die verlede uiters nederig te erken. Hy buig sewe keer baie laag.

Dis eintlik 'n spanningsvolle oomblik. Esau het laas wraak gesweer om Jakob te vermoor. (Gen 27:41,42).
Jakob weet dit goed... maar kan nie meer anders nie. Die tyd van konkel is verby. Hy hoef nie meer mense se seën te kry of hulle aanslae te oorleef nie.
God het hom gesien soos hy is, Hy het God ook in die gesig gekyk... en Hy het daar genade op God se gesig gesien!
Dis meer as genoeg.
Wat kan 'n mens nou van hom wegvat? Die ou Jakob is klaar dood.

Dit is die nuwe identiteit waaruit 'n dissipel van Jesus leer om konflik werklik anders te benader: As die grootste konflik in jou lewe opgelos is, dié tussen jou en God, en jy sy genade op sy gesig gesien het, hoef jy nie meer met mense te veg om te oorleef nie.
Hoe jy konflik met ander mense hanteer verander as jy eers genade op God se gesig vir jou gesien het.

Besittings

Tweedens verander nie net jou houding teenoor konflik met mense nie. Ook jou houding teenoor besittings.

Regdeur Jakob se lewe was besittings deel van die identiteit wat hy gesoek het. Om deur die dinge wat hy besit belangrik en veilig te voel. Hy het nie 'n kans laat verbygaan om 'n paar rand van iemand af te maak nie. En sommer 'n paar kanse geskep.

Maar hier bied hy sy besittings vir Esau aan. Jakob wat nie R2 vir 'n karwag sou gee nie, gee duisende rande se bates weg.

Toe Esau dit wyer was sy antwoord nie 'n verligte : "Sjoe, ok dankie" nie. Letterlik antwoord hy vir Esau:
"want ek het jou gesig gesien, dit is soos God se aangesig, gunstig teenoor my" [*vertaling GvW*]

Ek ken nou genade as ek dit sien, Esau. Ek het dit by God gesien en ek erken dit ook in jou. En as ek nou dít het wat ek regtig nodig het om te lewe: genade, kan ek weggee wat ek verkeerdelik gedink het ek nodig het om te lewe: besittings.

Sien, sy broer was nou nie meer iemand om te melk nie, dit was nou iemand om genade mee te deel. En respekvol stel hy homself nou deurgaans tweede. Hy noem Esau ook regdeur "My heer" en homself Esau se "dienaar". Dis deel van sy nuwe identiteit en doel van bestaan.

As jy na God se gesig kyk terwyl jy oor besittings moet besluit... verander dit uiteindelik wat jy gaan besluit.

God

Hoe was so drastiese verandering moontlik?!

Jakob het drastiese dinge van homself agter gekom, drastiese dinge van God en drastiese dinge van hierdie twee groot '*tools*' van sy lewe waardeur hy probeer lewe het.

Toe God Jakob se heup aangeraak het en dit uitgespring het, was dit 'n wond van genade. Dit was die laaste strooi op die kameel se rug om hom wakker te laat skrik sodat hy sy patetiese self kon sien... voor 'n Heilige God. En eerder as wat God hom verpletter het soos 'n vlieg, sien hy vriendelike genade op God se gesig. Hy vergelyk dit met die goedgesindheid wat hy later ook op Esau se gesig gesien het (33:10). Hy weet Esau se genade kom ook van God af.

Hoekom kon 'n Heilige God se gesig so kyk na 'n agterbakse *schemer*? Hoekom het God ook nie Esau se wraaksug gebruik om Jakob vir 'n slag op sy plek te sit nie?
Want Jesus was die ware maar onskuldige Jakob wat aarde toe gekom het in ons gestoei in, en Hy het die hou van God se geregtigheid gevat aan die kruis waardeur Hy wel verpletter is. 'n Doodshou wat ons verdien.

Jesaja 53:5 beskryf hierdie werk van Jesus vir ons so:
"*Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*"

Jakob se benadering tot konflik en besittings het drasties verander omdat hierdie 'n drastiese verandering was in hoe hy na homself en na God gekyk het.

Ons verstaan meer hiervan as ons hoor wat hy die plek noem waar hy uiteindelik wortel skiet: "God is die God van Israel." As jy onthou dat Israel nou sy naam was is Jakob besig om te sê: "God... is mý God."
Konflik is nie meer die God wat ek dien om daardeur te lewe nie.
Besittings is nie meer die God wat ek dien om daardeur te lewe nie.
God is die een by wie ek reeds lewe gekry het, en Hom sal ek dien. Vir Hom sal ek stoei! – Die betekenis van 'Israel'

Dis 'n baie naby en persoonlike vasgryp aan God, ...en los van enige iets anders. Dis hoekom hy verander het.

Ons hoor ook eintlik dieselfde in Thomas van die Nuwe Testament wat maar getwyfel het in Jesus se vermoë om uit die dood op te staan, maar nadat Jesus vir hom sy wonde gewys het kom Thomas net soos Jakob tot stilstand met die woorde: "My Here en My God!" (Joh 20:28)

Toepassing

Kom ons dink 'n oomblik wat dit als vir ons beteken:

- Die bankrot plek wat jy vermy is dalk die enigste plek vanwaar God vir die eerste keer vir jou werklik sal word
    - En die begin van nodige verandering in jou lewe
    - Dalk is die wond wat jy nou voel ook 'n wond van genade om jou daar te kry. Dit is nie 'n wond van verplettering nie.
- Jy mag dalk verbaas wees in wat jy sien as jy sou waag om dan op te kyk in God se gesig in.

- Jou konflik met mense sal eers verander as jy besef jy het die enigste konflik wat regtig saak maak deur Jesus se genade oorleef.
- Die wip waarin liefde vir besittings en geld, en flatscreens en klere en vakansies en skuld en als wat daarmee saamgaan jou in gevang het, sal breek as jy werklik ontdek dat jy reeds 'n kosbare identiteit in Christus besit.

Slot

Dis die evangelie: God se gesig verander my.
Die Vader het Jesus self kruis toe gestuur sodat Hy anders na jou kan kyk as wat jy sou verwag.
Mag ons almal God se gesig sien in ons worstelinge en mag dit ons werklik verander.
Here, wys vir ons U gesig as U ons tref met wonde van genade.
U is ons God...en lewe, niks anders nie.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
17 Julie 2016
Opvolg van preek uit Genesis 32 gelewer 10 Julie 2016